basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

## NOVEMBER 2022

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir JA/NEE-, WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word geen punte vir JA/NEE, WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

## AFDELING A

## VRAAG 1

## TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1.1 | (sel)foon/fone | 1 |
| 1.1.2 | kontak | 1 |
| 1.1.3 | nuus | 1 |
| 1.2 | "deesdae"<br>*(Penaliseer nie indien die woord nie tussen aanhalingstekens is nie)* | 1 |
| 1.3 | • Moedeloos<br>• Jaloers<br>• Depressief | 1<br>1<br>1 |
| 1.4 | alleen | 1 |
| 1.5 | D/nie sonder sosiale media kan klaarkom nie. | 1 |
| 1.6 | • Dit is 'n Engelse woord/nie 'n Afrikaanse woord nie.<br>• Dit is 'n woord uit 'n ander taal.<br>*(Enige EEN of soortgelyk as bogenoemde)* | 1 |
| 1.7 | negatiewe | 1 |
| 1.8 | (Dit veroorsaak dat jongmense) te min slaap.<br>*(Of soortgelyk as bogenoemde)* | 1 |
| 1.9.1 | D/Jongmense wil niks mis nie. | 1 |
| 1.9.2 | E/Laat mense voel dat hulle aan 'n groter groep behoort. | 1 |
| 1.9.3 | A/Dit het opvoedkundige waarde. | 1 |
| 1.9.4 | C/Dit hou veral jonger mense besig. | 1 |
| 1.10 | Twitter word ...<br>• die meeste deur mense tussen 25 en 49 jaar gebruik.<br>• deur ouer en jonger mense gebruik.<br>• deur mense 25-49 jaar gebruik.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.11.1 | mening | 1 |
| 1.11.2 | • Almal stem nie noodwendig saam met die skrywer nie/party mense dink dalk anders.<br>• Dit is nie nagevors/bewys nie.<br>• Dit moet nog eers gebeur (voordat jy kan uitspraak lewer).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.12 | • Hoeveel tyd per dag (gaan jy op sosiale media wees).<br>• Watter tyd van die dag (gaan jy met sosiale media besig wees).<br>• Waarna jy (op sosiale media) gaan kyk.<br>• Watter tye jy glad nie jou foon gaan gebruik nie.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| 1.13 | Die prent wys vir my die ...<br>• inhoud/waaroor die leesstuk gaan.<br>• sleg van sosiale media:<br>o Die meisie wys vir ons die negatiewe van sosiale media.<br>o Sy lyk ongelukkig/alleen/moeg/depressief/moedeloos.<br>• goed van sosiale media:<br>o Die verskillende logo's wys die verskillende tipes sosiale media wat beskikbaar is.<br>o Omdat daar 'n wye keuse is, kan 'n mens kies waarvan jy hou.<br>*(Aanvaar enige positiewe OF negatiewe antwoord wat die vraag beantwoord)* | 1 |
| 1.14 | • Ek moet my foon minder gebruik.<br>• Ek moet dinge doen waarvoor ek nie my foon nodig het nie.<br>• Ek moet meer direkte kontak met mense maak.<br>• Ek moet my lewe deel met mense vir wie ek lief is (eerder as vreemde mense).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TEKS B: VISUELE TEKS**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.15 | 25 Oktober 2022 | 1 |
| 1.16 | noord | 1 |
| 1.17 | donderstorms | 1 |
| 1.18 | • Dit gaan reën.<br>• Dit is te koud/9˚C/20 ˚C.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.19 | • Dit wys watter klere ek moet aantrek.<br>• Dit wys watter aktiwiteite ek kan doen/nie kan doen nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.20 | • Daar is nie baie woorde om te lees nie.<br>• 'n Mens sukkel nie met woordeskat/moeilike woorde nie.<br>• Die prentjies help jou om beter/makliker te verstaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
    - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
    - 3 punte vir taal
    - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:** (Indien die kandidaat nie woordeliks aanhaal nie, moet die feit nog sin maak om die punt te verdien.)
    - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
    - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
    - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:** (Direkte aanhaling: 'n sin/deel van 'n sin woord-vir-woord volgens vraestel.)
    - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
    - 4-5 direkte aanhalings: ken maksimum 1 punt vir taal toe
    - 2-3 direkte aanhalings: ken maksimum 2 punte vir taal toe

**LET WEL:**

- **Tel van woorde:**
    - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
    - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
    - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde (60) oorskry, lees nog VYF woorde verder en ignoreer die res van die opsomming.
    - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

## VRAAG 2: HOE JY BOELIES MOET HANTEER

[Verwerk uit Wikihow.com]

| | TEKS | VERWAGTE ANTWOORDE |
|---|---|---|
| 1. | Daar is oral boelies. Moenie 'n slagoffer *(victim)* word nie. As iemand jou probeer boelie**, loop liewer weg**. | Loop weg as iemand jou probeer boelie. |
| 2. | Party boelies soek net aandag. **Wanneer hulle lelike goed vir jou sê of jou probeer seermaak, moet jy hulle ignoreer**. As jy vir hulle aandag gee, moedig jy hulle eintlik net aan. | Ignoreer boelies wat lelike goed vir jou sê./Ignoreer boelies wat jou probeer seermaak. |
| 3. | As jy agterkom dat iemand jou probeer boelie, **kan jy 'n grap daarvan maak of daaroor lag**. Dit gaan vir die boelie sê dat dit jou nie regtig pla nie. | Maak 'n grap daarvan/lag daaroor wanneer iemand jou probeer boelie. |
| 4. | **Dit is altyd goed om met 'n boelie te praat.** Dit kan op verskillende maniere gedoen word. **Jy kan self met die boelie praat of vir iemand anders vra om dit te doen**. | Praat self met 'n boelie./Kry iemand om met die boelie te praat. |
| 5. | Kinders word dikwels geboelie omdat hulle alleen is en nie vriende het nie. **As jy nie vriende het nie, moet jy probeer om vriende te maak.** Hulle kan jou help as boelies jou pla. | Maak vriende (wat jou teen boelies kan help). |
| 6. | **Sport en ander aktiwiteite help jou om beter oor jouself te voel**. Dit sal vir jou die moed gee om teen boelies op te staan. | Doen sport/ander aktiwiteite. |
| 7. | As die boelie aanhou om jou ongelukkig te maak, moet jy iets anders probeer. **Jy moet met iemand gaan praat wat jou kan help.** | Praat met iemand wat jou kan help./Soek hulp. |
| | **GETAL WOORDE = 197 woorde<br>( ± 200 woorde - Disjunktief)** | **GETAL WOORDE = 43 woorde<br>(50 – 60/65 maksimum)** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

- Spelling:
- Eenwoord-antwoorde word as korrek aanvaar selfs al is die spelling verkeerd, maar dan moet die fout nie die woord se betekenis verander nie. Die uitsondering is waar ons woordstrukture toets, bv. meervoud, verkleinwoorde, verbuiging, ens.
- By volsin-antwoorde word **verkeerde spelling** slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
- Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.

1. Sinstrukture moet **taalkundig** korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
2. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meerkeusevraag.

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | • Dit trek die leser se aandag.<br>• Dit beklemtoon belangrike inligting (in die advertensie).<br>• Dit maak die advertensie interessant.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.2 | nuuskierig | 1 |
| 3.3 | D/bang is. | 1 |
| 3.4 | punte | 1 |
| 3.5 | • Die een emoji lag/se mond trek op.✓<br>• Die ander emoji huil/se mond trek af. ✓ | 1<br>1 |
| 3.6 | • Net tale word aangebied.<br>• Geen inhoudsvakke word aangebied nie.<br>• Nie al die vakke is deel van Huisgenoot se 100 matriekvrae nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.7 | • Dit maak die leser/matrieks deel van die advertensie.<br>• Dit laat die leser/matrieks voel asof die adverteerder direk met hom/haar/hulle praat.<br>• Dit maak die advertensie persoonlik.<br>• Dit laat die leser/matrieks belangrik voel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.8 | • Dit lyk of die meisie leer/studeer/sketse maak/teken.<br>• Dit lyk of die meisie verduidelik/onderwerpe behandel/vrae en antwoorde gee/les gee.<br>• Die meisie lyk asof sy in matriek is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.9 | ken | 1 |

**TOTAAL: 10**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | Jeremy sing (vir sy pa). | 1 |
| 4.2 | Dit dui aan dat Jeremy se pa ...<br>• die woord (baie) hard sê.<br>• skree.<br>• verbaas/geskok/opgewonde/bly is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.3 | Sjoe | 1 |
| 4.4 | D/Jeremy 'n goeie ding vir sy pa gedoen het. | 1 |
| 4.5 | • Sy pa dink (net).<br>• Pa praat nie/sê nie die woorde nie.<br>• Pa se woorde is in 'n dinkborrel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.6 | Pa, sit dit aan(!) | 1 |
| 4.7 | • Sy mond is groot oop.<br>• Sy oë is groot.<br>• Dit lyk asof hy lag/breed glimlag.<br>• Daar is strepies om sy kop<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 4.8 | (Pa sê vir Jeremy dat) dit wonderlik is. | 1 |
| 4.9 | • (Pa sê:) "baie, baie dankie!"<br>• Die woord "baie" word herhaal.<br>• Pa wys dat hy dankbaar is.<br>• Pa gee vir Jeremy 'n drukkie/omhels Jeremy.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TOTAAL: 10**

**VRAAG 5.1: LEESTEKS**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | <u>**K**</u>aapstad | 1 |
| 5.1.2 | • agtien<br>• agttien *(sp)* | 1 |
| 5.1.3 | 'n | 1 |
| 5.1.4 | **on**suksesvol *(sp)* | 1 |
| 5.1.5 | werklose *(sp)* | 1 |
| 5.1.6 | silwerskoon | 1 |
| 5.1.7 | hou **nie** daarvan om vensters te was **nie**. | 1 |
| 5.1.8 | • Toe **het** hulle 'n plan **gemaak**.<br>• Hulle **het** toe 'n plan **gemaak**.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.1.9 | 'n Skoonmaakdiens **word** (deur hulle) **gelewer**. | 1 |
| 5.1.10 | **om** hulle diens **te** adverteer. | 1 |
| 5.1.11 | • Ek **was** by die konsert. *(verlede tyd van is)*<br>• Die kers se **was** drup op die tafel. *(vetterige stof)*<br>• Daar is **was** in my ore. *(vetterige stof)*<br>*(Enige EEN of soortgelyk waar die betekenis van die woord anders as in die teks is)* | 1 |
| 5.1.12 | diens**te** *(sp)* | 1 |
| 5.1.13 | bood – skap | 1 |
| 5.1.14 | beste *(sp)* | 1 |

**VRAAG 5.2: PRENT**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.2.1 | met | 1 |
| 5.2.2 | oefenklere | 1 |
| 5.2.3 | bottel | 1 |
| 5.2.4 | Dawie sit op die bankie, want hy is moeg. | 1 |
| 5.2.5 | Die vyf vriende <u>oefen</u> <u>elke dag</u> <u>baie hard</u> in die gimnasium. | 1 |
| 5.2.6 | fiks | 1 |

**TOTAAL: 20**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou